



## Finansiële bystand vir navorsing wat lei tot 'n akademiese publikasie in Afrikaans

### OOREENKOMS

#### VIR DIE ONDERNEEM VAN NAVORSING WAT LEI TOT 'N AKADEMIESE PUBLIKASIE IN AFRIKAANS

1. Titel van navorsingsprojek:

2. Besonderhede van navorser(s):

Volle naam/name en van:

ID-nommer:

(Heg afskrif van ID aan)

Fisiese adres:

Posadres:

Telefoonnommer:

Selfoon:

E-posadres:

3. Beoogde afhandelingsdatum van navorsing:

4. Die navorser(s) aanvaar die navorsingstoekenning op die volgende voorwaardes:

- 4.1. Die finansiële steun van die SA Akademie moet eksplisiet by die voltooiing van die navorsingsprojek erken word.
- 4.2. Navorser(s) onderneem om hulle te hou by die beoogde afhandelingsdatum van die navorsingsprojek.
- 4.3. 'n Skriftelike vorderingsverslag moet twee keer per jaar by die SA Akademie ingedien word. Die Akademie behou die reg voor om ter enige tyd 'n tussentydse vorderingsverslag aan te vra.





- 4.4. Indien die navorsing, om watter rede ook al, voortydig gestaak word of tussentyds onderbreek word, is die toegestane (of reeds uitbetaalde) bedrag onmiddellik met rente aan die SA Akademie terugwerkend betaalbaar van die datum waarop betaling aan die navorser oorbetaal is.
- 4.5. Die SA Akademie behou die reg voor om befondsing van die navorsing te staak of gelde terug te vorder indien enige ongerymdheid rondom die toekenning ontstaan of aan die lig kom.
- 4.6. Die uitkoms van die navorsing moet lei tot 'n navorsingsverslag of manuskrip wat oorspronklik in Afrikaans opgestel is en aan die Akademie beskikbaar gestel word.
- 4.7. Die navorsingstoekenning dek nie die koste van 'n publikasie nie. Dit staan navorsers wel vry om by afhandeling van die navorsingsprojek aansoek te doen om befondsing van 'n publikasie in boekvorm wat bestem is vir die ope mark. Publikasiebefondsing word egter nie gewaarborg nie.

**5. Ek/ons (volle name en van)**

**aanvaar die finansiële ondersteuning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns om bogenoemde navorsingsprojek te onderneem en aanvaar die gestelde voorwaardes onder punt 4 van hierdie ooreenkoms.**

**Handtekeninge:**

**6. Besonderhede van finansiële ondersteuning:**

- 6.1 'n Bedrag van R**  **word deur die SA Akademie toegeken vir die gemelde navorsingsprojek. Uitbetaling sal soos volg geskied:**

**Aansoekers moet pertinent aandui aan wie die betaling gemaak moet word.**

**LET WEL: Indien die betaling aan 'n ander instansie as die aansoeker(s) gaan, bly die laasgenoemde(s) in alle gevalle aanspreeklik vir terugbetaling van die bedrag indien enige ongerymdheid ontstaan.**

6.2 **Volledige bankbesonderhede van uitbetaling: LET WEL**, die eerste paaiement word slegs uitbetaal sodra die Akademieskantoor die getekende ooreenkoms ontvang het.

Naam van bank:

Naam van rekeninghouer:

Taknaam:

Takkode:

Rekeningnommer:

Tipe rekening:

7. Die aansoeker(s) bevestig hiermee dat hulle hierdie dokument sorgvuldig gelees en kennis geneem het van die gestelde voorwaardes en daardie voorwaardes aanvaar.

**AANVAAR EN GETEKEN IN**

**OP**

**20**

**NAAM VAN AANSOEKER(S):**

**HANDTEKENING VAN AANSOEKER(S):**

1. \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

2. \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

**GETUIES**

1. \_\_\_\_\_

2. \_\_\_\_\_



Hierdie getekende ooreenkoms moet teruggestuur word aan Melanie Rens by [melanie@akademie.co.za](mailto:melanie@akademie.co.za)

